

4 Augustus

Skrifgedeelte: Psalm 121
Fokusgedeelte: Psalm 121:1, 2

Vaste geloofsvertroue

Het u ook al hierdie versugting geslaak: Waar sal my hulp vandaan kom? Ja, eintlik elke dag. Ons mense is tog so afhanklik van hulp. God het ook gesien dat Adam nie 'n hulp gehad het wat by hom pas nie en toe vir hom 'n hulp geskape.

Die pelgrimsganger het een van die feeste bygewoon in Jerusalem waar hy God saam met sy volk in die offerdiens aanbid het. 'n Wonderlike, heuglike, geloofsversterkende gebeurtenis. Hy gaan nou weer op pad na sy huis. Soos enige reis gevare inhou, hou sy terugtog ook vir hom die gevare van sy tyd in. Sien hom in u geestesoog. Hy staan by sy pakdonkie. Hy tel sy kop op en tuur na die berge. Ja, daar is ook die tempelberg waar hy geloofsversterking gekry het in die aanbidding van die getroue Verbondsgod. Dan slaak hy die versugting: Waar sal my hulp vir die vermoeiende reis vandaan kom?

Ja, ook vir ons lewens as gelowiges hier in die sondige wêreld met sy teenspoed, ellende, versoeking, verleiding, swaarkry, seerkry, geweld en doodslag? Dan hef ons kinderlik-oetmoedig ons geloofsoë en ons geloofsharte op na ons almagtige Verbondsgod, ons Vader deur Jesus Christus. Dan antwoord ons ook in vaste geloofsvertroue soos die pelgrimsganger: "My hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het." Op Hom wat uit liefde sy Seun gegee het om as offer vir my sondes te ly en te sterwe. Dit waarheen die offers in die tempel gewys het.

Nee, ek hoef nie te twyfel of te vrees nie. Ek kan in geloofsvertroue op my lewenspad gaan. En soos die pelgrimsganger hierdie geloofsvertroue gekry het daar op die tempelberg, is daar ook die versekering van God se Woord in Jesaja 41:10 – "Wees nie bevrees nie, want Ek is met jou; kyk nie angstig rond nie, want Ek is jou God. Ek versterk jou, ook help Ek jou, ook ondersteun Ek jou met my reddende regterhand."

Leef in hierdie Godsvertroue uur na uur, dag na dag, ja, elke oomblik van jou lewe op jou lewensreis. Jou almagtige Verbondsgod is met jou deur Jesus Christus. Hy is in jou deur sy Gees totdat jy in die Vaderhuis ingaan waar Christus vir jou plek voorberei.

Sing: Psalm 121:1, 4 (1936)

Ds. AJ Coetsee (Emeritus)